

# Groete uit die Sinodehuis

26 Junie 2020

Kollega,

Die derde Sondag in Junie is tradisioneel Vadersdag. Daarby het my eie pa op 11 Junie verjaar. Junie is dus inderdaad vir my Vadersmaand. Indien my pa nog geleef het, sou hy vanjaar 105 jaar oud gewees het. Sedert die begin van die pandemie het ek nogal dikwels aan my pa gedink en ook nuwe waardering vir hom gekry. Ek deel daarom in hierdie geselsbrief graag iets van sy lewe met julle.

My pa is 1915, midde in die Eerste Wêreldoorlog (1914-18), gebore. Tydens hierdie oorlog het 22 miljoen mense gesterf. Hy was een van 12 kinders, waarvan 8 uiteindelik groot geword het. Toe hy 3 jaar oud was, het die Spaanse Griep (1918-20) uitgebreek, wat die dood van 50 miljoen mense, waarvan 140 000 Suid-Afrikaners, tot gevolg gehad het.

Toe hy 14 jaar oud was, het die wêreldwye depressie (1929-33) uitgebreek, waartydens 25% van die wêreld se bevolking werkloos was. In Suid-Afrika is dit vererger deur die landswye droogte van 1932-33. In die daaropvolgende jaar, het hy as hoërskoolseun vir sy ouers wat by Marico geboer het, gesê dat hy graag 'n predikant sou wou word. Hy sou die eerste van sy familie wees wat universiteit toe gaan. Sy ouers het ingestem, maar met die duidelike voorwaarde dat sy studies dan ook sy erfposisie sou wees.

Op daardie stadium was die enigste universiteit waar jy kon studeer om 'n predikant in die NG Kerk te word, Stellenbosch. Daar was egter 'n belofte dat daar 'n Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria tot stand sou kom. Met daardie belofte, en sonder die vooruitsig van 'n erfposisie, is hy in 1935 Tukkie toe om 'n 3-jaar BA-graad met Grieks en Hebreeus te behaal. Aan die begin van 1938 het die belofte van 'n Teologiese Fakulteit 'n werklikheid geword en kon hy sy Teologiese studies aan UP voortsit.

Na sewe jaar se studie is hy en vier ander studente in 1941 gelegitimeer. Mens sou verwag dat hierdie eerste vyf studente wat hulle Teologiese studies aan UP voltooi het, binne 'n japtrap beroep sou word. Hulle almal het egter rondom twee jaar gewag vir 'n beroep, want niemand het verwag dat die Tweede Wêreldoorlog in 1939 sou uitbreek nie. Gedurende hierdie oorlog wat tot 1945 geduur het, het 75 miljoen mense gesterf.

Ek wens ek kon in hierdie dae saam met my pa koffie drink en vir hom sê hoe dit my inspireer dat hy ten spyte van die struikelblokke, die pad in onseker tye bly loop het. Ek sou graag met hom wou praat oor sy eie swaarkry in daardie tyd, oor pyn, oor twyfel, oor hoop, oor die NG Kerk, oor die wêreld waarin ons leef...

Groete tot 'n volgende keer. Pas jouself mooi op!



082 653 5734

[paul@noordsin.co.za](mailto:paul@noordsin.co.za)